BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE EXTRAORDINARY OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Vrydag, 1 September 1950. WINDHOEK Friday, 1st September, 1950. No. 1543.

INHOUD

*Bladsy*

PROKLAMASIES—

No. 220 (Unie). Algemene Verkiesing van Senatore in Suidwes-Afrika. . . . . . . . . 767

No. 43. Byeenroeping van die Wetgewende Vergadering. 768

CONTENTS

*Page*

PROCLAMATIONS—

No. 220 (Union). General Election of Senators in South-West Africa. . . . . . . . . 767

No. 43. Summoning of the Legislative Assembly. . . 768

## PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE ERNEST FREDERICK WATERMEYER, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 220 van 1950 (Unie).]

### ALGEMENE VERKIESING VAN SENATORE IN SUIDWES-AFRIKA.

NADEMAAL by artikel *dertig* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1949, bepaal word dat die gebied Suidwes-Afrika deur twee benoemde en twee gekose Senatore in die Senaat verteenwoordig moet word;

EN NADEMAAL dit dienstig is om tot die verkiesing van die laasgenoemde twee Senatore oor te gaan;

SO IS DIT dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *dertig* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1949, en subparagraaf (2) van paragraaf 2 en subparagraaf (1) van paragraaf 5 van die regulasies betreffende die gesamentlike verkiesing van Senatore in Suidwes-Afrika, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1574 van 14 Julie 1950, hierby as volg verklaar—

(1) dat Donderdag die ag-en-twintigste dag van September 1950 vasgestel is as die dag waarop 'n sitting van al die lede van die Volksraad en van die Wetgewende Vergadering volgens die bedoeling van subparagraaf (1) van paragraaf 1 van voormelde regulasies, gehou moet word;

(2) dat voormelde sitting gehou moet word om 10.30 in die voormiddag van voormelde dag;

(3) dat die sitting in die Vergaderingsaal van die Wetgewende Vergadering, Windhoek, gehou moet word;

(4) dat Mnr. Dirk Jacobus Greyling, Klerk-assistent van die Wetgewende Vergadering, Suidwes-Arika, hierby benoem word tot Assistent-kiesbeampte by die verkiesing.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Pretoria op hede die een-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

E. F. WATERMEYER,

Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

T. E. DÖNGES.

## PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE ERNEST FREDERICK WATERMEYER, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 220 of 1950 (Union).]

### GENERAL ELECTION OF SENATORS IN SOUTH-WEST AFRICA.

WHEREAS by section *thirty* of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1949, it is provided that the territory of South-West Africa shall be represented in the Senate by two nominated and two elected Senators;

AND WHEREAS it is expedient to proceed to the election of the last mentioned two Senators;

NOW, THEREFORE, under and by virtue of the powers and authority vested in me by section *thirty* of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1949, and sub-paragraph (2) of paragraph 2 and sub-paragraph (1) of paragraph 5 of the regulations in regard to the joint election of Senators in South-West Africa, published under Government Notice No. 1574 of the 14th July, 1950, I do hereby declare—

(1) that Thursday, the twenty-eighth day of September, 1950 shall be the day on which a sitting of all members of the House of Assembly and of the Legislative Assembly within the meaning of paragraph 1 (1) of the aforesaid regulations, shall be held;

(2) that the aforesaid sitting shall be held at 10.30 in the forenoon of the aforesaid day;

(3) that the sitting shall be held in the Chamber of the Legislative Assembly, Windhoek;

(4) that Mr. Dirk Jacobus Greyling, Clerk Assistant of the Legislative Assembly, South-West Africa, shall be and is hereby appointed to be the Assistant Returning Officer at the election.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Governor General's Great Seal at Pretoria on this twenty-first day of August, One thousand Nine hundred and Fifty.

E. F. WATERMEYER,

Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

T. E. DÖNGES.

PROKLAMASIE
VAN SY EDELE PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 43 van 1950.]

NADEMAAL sub-artikel (2) van artikel *neëntien* van „De Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925" van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, bepaal dat die Eerste Sitting van enige Sessie van die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika, sal plaasvind op sodanige datum as die Administrateur deur proklamasie mag vasstel;

EN NADEMAAL dit dienstig is om die Wetgewende Vergadering byeen te roep;

SO IS DIT dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen, die Wetgewende Vergadering by hierdie Proklamasie oproep om op die sewe-en-twintigste dag van September 1950, byeen te kom en verklaar ek hierby dat die Eerste Sitting van die Eerste Sessie van die Sesde Wetgewende Vergadering gehou sal word te Windhoek om elf uur in die voormiddag op die genoemde sewe-en-twintigste dag van September 1950, vir die afhandeling van sake.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te WINDHOEK hierdie eerste dag van September 1950.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

PROCLAMATION
BY HIS HONOUR PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 43 of 1950.]

WHEREAS by sub-section (2) of section *nineteen* of the South West Africa Constitution Act, 1925, of the Parliament of the Union of South Africa, it is provided that the First Sitting of any Session of the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, shall take place on such date as the Administrator may fix by proclamation;

AND WHEREAS it is expedient that the Legislative Assembly should be summoned to meet;

NOW, THEREFORE, under and by virtue of the power and authority in me vested, I do by this Proclamation summon the Legislative Assembly to meet on the twenty-seventh day of September, 1950, and I hereby declare that the First Sitting of the First Session of the Sixth Legislative Assembly shall be held at Windhoek at eleven o'clock in the forenoon on the said twenty-seventh day of September, 1950, for the dispatch of business.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at WINDHOEK this first day of September, 1950.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

Gedruk in Suidwes-Afrika deur
Printed in South West Africa by John Meinert Ltd., Windhoek. 3